Ontmoeting 7

Jesus lewe!

Kruisiging en opstanding

Teks: Mat 21:1-11 en Joh 3:16

Hulpmiddels:

- 3 stelle van 3 bordjies wat elkeen 'n gesigsuitdrukking het: 'n bly gesiggie, 'n hartseer gesiggie en 'n bang gesiggie
- 2 Handskoenpoppe
- 'n Boksie met die volgende items in:
  - Hoefyster of 'n plastiekdonkie of 'n prent van 'n donkie of 'n (palm)tak
  - Koringkorrels/stukkies brood en wingerdstok/wingerdblaar/houer met bietjie druiwesap
  - Doring en/of stukkie pers lap
  - Papier met 'n kruisie ("X") op
  - Kruis (soos Jesus se kruis) of 'n spyker
  - Swart papiertjie
  - Wit lappie
  - 'n Klippie
  - 2 Paaseiers – die een hol van binne en een met die wit en geel marsmallow in.
- Klei vir die aktiwiteit
- Afgedrukte blokkiesraaisel vir die aktiwiteit



WELKOM

Drie kinders word vorentoe geroep. Vra hulle moet die gesiggie ophou wat hulle dink pas by die stelling wat die aanbieder gaan maak.

Voorbeelde van stellings vir die aanbieder:

- Jy het 'n groot prys gewen.
- Jy weet jy het iets verkeerd gedoen en moet dit vir jou ouers vertel.
- Jy hoor ouma is baie siek in die hospitaal.
- Jy hoor julle gaan see toe vir die vakansie.
- Jy het sleg gedoen in jou laaste toets by die skool.
- Pappa gee vir jou 'n present wat jy lankal wou hê.
- Jou troeteldier is dood.
- Jy is gekies as klasleier of vir 'n sportspan of vir die koor.
- Jy het 'n ruit gebreek toe jy met 'n bal in die huis gespeel het.
- Jou boetie gaan klik by jou ouers oor iets wat jy gedoen het.

Die rede vir die speletjie is dat die gebeure rondom die kruisiging en opstanding van Jesus soveel uiteenlopende emosies uitlok.

WYDING

Gebed:

Kom ons sit doodstil en maak ons oë toe. Ons dink aan die lekkerste plek waar ons nog ooit was of waar ons graag sal wil wees. En dan dink ons aan al die mooi goed wat Hy elke dag vir ons gee. Sê vir Jesus dankie daarvoor.

Stilword-ritueel: soos by ontmoeting 1.

Temalied: "Jesus be the centre"

WOORD

2 handskoenpoppe (C en B) en die aanbieder (A) voer die volgende gesprek:

C: *(Sê vir die gehoor!)* Dis amper Paasfees! Ek kan skaars wag om al daai paaseiers te eet!

B: Haai en hoekom is jy so opgewonde?

C: Ek het nou net aan Paasfees gedink wat een van die dae is. Ek kan nie wag nie!

B: Dis nie regtig so opwindend soos byvoorbeeld Kersfees nie. Ek weet nie regtig waaroor Paasfees eintlik gaan nie.

C: Weet jy regtig nie? Dit gaan mos oor paaseiers en sjokolade hasies. Ek wens ek kon die grootste sjokolade paashaas in die wêreld kry om te eet!

B: Nou wat presies het paashase en paaseiers met Paasfees te doen? Wat ís Paasfees?

C: Ek weet net dat dit skoolvakansie is.

B: Ja, maar hoekom?

C: Nee, ek weet nie. Kom ons vra vir ... *(die aanbieder se naam).*

B: ...*(aanbieder se naam),* wat is Paasfees regtig? Waaroor gaan Paasfees? Die winkels wil hê ons moet paashase en paaseiers koop en vir ander mense is dit net 'n lekker vakansietyd. Maar daar moet tog seker meer wees as net dit?

A: Jy is heeltemal reg. Paasfees gaan oor baie meer as paashase en paaseiers.

B: *Kyk vir C en sê*: Sien, ek het jou mos gesê.

A: Paasfees is die tyd wanneer ons dink aan hoe Jesus aan die kruis gesterf het. Ken julle twee die verhaal van Jesus se kruisiging?

C: Ek dink ek het al daarvan gehoor, maar ek ken nie eintlik die hele storie nie. Sal Tannie asb. vir ons vertel?

A: Nou kom ek vertel vir julle, maar daarvoor moet ek eers my storie boksie in die hande kry.

(Haal elke keer een van die volgende items uit en vertel waaroor dit gaan. Gee die item vir iemand om vas te hou.)

⇒*Hoefyster, plastiekdonkie, prentjie van 'n donkie of 'n stukkie (palm)tak.* Dit laat dink ons aan die dag toe Jesus op die rug van 'n donkie in Jerusalem ingery het en al die mense geskree het: "Hosanna vir die seun van Dawid! Hosanna! Hosanna!" (Mat 21:1-11)

⇒*Koringkorrels/stukkie brood en wingerdstok/wingerdblaar/bietjie druiwesap.* Dit laat ons dink aan die laaste ete wat Jesus saam met sy dissipels gehad het en waar Hy toe vir hulle gesê het dat Hy doodgemaak gaan word. Hulle moet in die toekoms aan Sy dood dink wanneer hulle die brood ('n teken van sy liggaam wat gekruisig sou word) en die nagmaalwyn ('n teken van sy bloed wat sou vloei) sou gebruik. Daar het Hy met ander woorde die nagmaal ingestel.(Mat 26:26-30)

⇒*Doring en/of stukkie pers lap.* Dit laat dink ons aan die lyding van Jesus toe hulle Hom gespot het, geslaan het en 'n doringkroon op sy kop gedruk het.

B: Eina! Vir wat doen hulle nou dit? Het Jesus 'n baie groot sonde gedoen dat hulle Hom so straf?

A: (*Haal 'n papier met 'n kruisie [soos 'n verkeerdmerkie] daarop uit en wys dit vir B.)*

B: O, ek kry ook sulke verkeerdmerkies wanneer my somme in die skool verkeerd is!

A: Het jy al 'n briefie gesien of 'n sms of whatsapp gekry waar iemand onderaan die briefie 'n paar kruisies gemaak het?

B: Ja, Ouma maak altyd sulke kruisies aan die einde van haar briefies. Maar ek weet nie wat sy so verkeerd doen om sommer drie verkeerde merke te kry nie!

A: Sien, daardie kruisies beteken nie iets is verkeerd nie, maar dit beteken **liefde**. Dis hoekom Jesus al hierdie dinge moes deurgemaak het. Hy het absoluut niks verkeerds gedoen nie, maar omdat Hy vir my en vir jou lief is, het Hy in ons plek aan die kruis gesterf vir al die verkeerde goed wat ons doen. Maar kom ons kyk wat is nog in ons boksie:

⇒*Kruis (soos Jesus se kruis)/spyker.* Die soldate het toe vir Jesus aan die kruis gespyker soos wat Hy vooraf vir sy dissipels gesê het gaan gebeur.

⇒*Swart papiertjie* – Dit het vir 3 ure baie donker geword en toe het Jesus gesterf.

C: Wil jy vir my sê dat hierdie Jesus waarvan almal praat en wat julle sê ons koning is, is DOOD!? Bid julle vir iemand wat duisende jare terug al dood is?

A: Nee, jy het nog nie die hele storie gehoor nie. Luister eers klaar.

⇒*Stukkie wit lap* – Na Jesus se dood het hulle Hom in wit lappe toegedraai en in 'n graf gaan neersit.

⇒*Klippie* – Die Romeine het 'n groot klip voor die graf laat rol, omdat hulle die stories gehoor het dat Jesus uit die dood sou opstaan. Hulle was bang dat die dissipels Jesus se liggaam sou steel. Hulle het ook wagte by die graf gesit sodat niemand naby die graf kon kom nie.

B: En toe Tannie, wat het toe gebeur? Het iemand toe probeer om Jesus se liggaam te steel?

A: Nee, niemand het dit gewaag nie. Maar weet julle, drie dae later toe Maria Magdalena en ander vroue by die graf kom, kom daar 'n groot aardbewing en die klip het voor die graf weggerol. Toe gaan sit daar 'n engel op die klip en hy sê vir die vroue: "Julle moet nie bang wees nie. Ek weet julle soek Jesus wat gekruisig is. Hy is nie hier nie, want Hy is uit die dood opgewek, soos Hy gesê het. Kom nader en kyk: daar is die plek waar Hy gelê het."

C: WOW! Dis 'n fantastiese storie. Maar wat het paaseiers dan nou met die hele storie te doene?

A: Net mooi niks! Paashase en paaseiers het niks met Jesus se storie te doen nie. Maar weet julle wat, wanneer ek na 'n eier kyk, dink ek aan die lewe wat nog binne-in 'n regte eier is – daardie deel wat nog eendag 'n kuikentjie gaan word. (*Haal nou paaseiers uit die boks.*) In die toekoms kan ons daaraan dink dat Jesus se graf soos 'n leë paaseier is – daar is niks meer in nie. Jesus het opgestaan en die graf is leeg. Die paaseiers met die wit en geel Marshmallow binne in laat ons dink aan die nuwe lewe wat Jesus vir ons gegee het deur aan die kruis te sterf vir ons sondes.

Kinders kry tyd om oor die verhaal te dink:

1. Ek wonder hoe julle gevoel het oor die deel van die storie toe Jesus gekruisig is.
2. Ek wonder hoe julle gevoel het oor die deel van die storie toe Jesus opgestaan het.
3. Ek wonder watter deel van die storie is vir julle die heel mooiste.

WERSKAF

- Maak 'n A4 met al die hoogtepunte van die les op die een helfte van die bladsy en laat die kinders die simbole langsaan teken.
- Druk 'n vel uit met die hoogtepunte en 'n vel met prentjies van die simbole op 'n ander bladsy en laat die kinders die regte prentjie by die beskrywing plak.
- Maak die verskillende simbole met klei en sit dit in die regte volgorde om die storie van Jesus se kruisiging en opstanding te vertel.
- Blokkiesraaisel.

Sluit af met die seënbede.

“Hosanna!”	
Laaste ete	
Lyding: spot en doringkroon	
Sy liefde vir ons	
Vasgespyker aan die kruis	
Donkerte vir 3 ure	
In wit lappe toegedraai	
Groot klip voor die graf	

“Hosanna!”	Laaste ete	Lyding: spot en doringkroon	Sy liefde vir ons	Vasgespyker aan die kruis	Donkerte vir 3 ure	In wit lappe toegedraai	Groot klip voor die graf

JESUS SE LYDING



DWARS:

2. Dit is deur Jesus se hande en voete geslaan om Hom aan die kruis vas te maak.
4. Nadat Hy dood is, is Jesus se liggaam in doeke toegedraai en in ‘n …. neergelê.
7. Jesus is nie dood nie, Hy …
10. Jesus moet hieraan sterf soos ‘n gewone skelm/misdadiger.
11. Laat dink ons aan Jesus se lyding toe dit op sy kop gedruk is.

AF:

1. Jesus het dit vir ons sonde gedoen.
3. Die tyd van die jaar wanneer ons aan Jesus se kruisiging dink.
5. Die rede waarom Jesus dit alles gedoen het, is uit … vir my en jou.
6. Jesus het op hom in Jerusalem ingery.
8. By die nagmaal kyk ons na die wyn en dink aan Jesus se … wat vir ons sonde gevloei het.
9. Jesus het gesê wanneer ons hierdie teken by die nagmaal gebruik, moet ons dink aan Sy liggaam wat vir ons gebreek is.
12. Dit is voor die graf gerol om seker te maak niemand steel Jesus se liggaam nie.